NORTH-WEST UNIVERSITY
NOORDWES-UNIVERSITEIT
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA

# NWU-BELEID OOR ANTI-BEDROG EN ANTI-KORRUPSIE EN OOR VERKLIKKING

| | |
|---|---|
| **Verwysingsnommer** | 2P_2.9.6_A |
| **Verantwoordelike uitvoerende bestuurder** | Registrateur |
| **Beleideienaar** | Registrateur |
| **Verantwoordelike afdeling** | Kantoor van die Registrateur |
| **Korporatiewe Verhoudinge en Bemarking** | Goedgekeur |
| **Goedgekeur deur** | Raad |
| **Datum van goedkeuring** | 22 Junie 2023 |
| **Datum van wysigings** | |
| **Hersieningsdatum** | 22 Junie 2026 |

;

*Registrateur*

# NWU-BELEID OOR DIE VOORKOMING VAN OMKOPERY, KORRUPSIE EN BEDROG EN OOR VERKLIKKING

Teen die agtergrond van die droom om ʼn internasionaal erkende universiteit in Afrika te wees, wat bekend is vir sy wetenskapsbeoefening, maatskaplike responsiwiteit en ʼn sorgsaamheidsetiek, het die Raad van die Noordwes-Universiteit ('NWU', 'universiteit') hierdie beleid op 22 Junie 2023 aanvaar.

## 1 Vertolking en toepassing

Hierdie beleid moet vertolk en toegepas word op ʼn wyse wat strook met die –

1.1 Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;

1.2 Wet op Hoër Onderwys, 101 van 1997;

1.3 Wet op Beskermde Bekendmakings, 26 van 2000 (WBB) en die WBB Praktiese Riglyne vir Werknemers (SK 34572, 31 Augustus 2011);

1.4 Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2 van 2000 (WBTI);

1.5 Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 3 van 2000 (WBAG);

1.6 Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 4 van 2013 (WBPI);

1.7 Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korrupte Bedrywighede, 12 van 2004 (‘PRECCA’);

1.8 Strafregwysigingswet, 32 van 2007;

1.9 Wet op die Voorkoming van Georganiseerde Misdaad, 121 van 1998 (‘POCA’);

1.10 Strafproseswet, 51 of 1977;

1.11 Wet op Intimidasie, 72 van 1982;

1.12 Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum, 38 van 2001;

1.13 Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 107 van 1998;

1.14 Wet op Arbeidsverhoudinge, 66 van 1995;

1.15 Internasionale anti-bedrog- en anti-korrupsie-verdrae en konvensies waaraan Suid-Afrika gebonde is:

1.16 Statuut van die Noordwes-Universiteit;

1.17 Regulasies vir Verslagdoening deur Openbare Hoëronderwysinstansies, 2014;

1.18 Verwante beleide van die NWU, soos die Beleid en Reëls oor Belangebotsing en oor Verklarings van Belange en van Geskenke, Beleid en Reëls oor Akademiese Integriteit, Finansiële Beleid; en

1.19 Die NWU se Etiese Kode.

## 2 Begripsomskrywings

In hierdie beleid en vir die doeleindes van anti-korrupsie en bedrieglike aktiwiteite by die NWU –

beteken **“misbruik”** wangebruik of wanaanwending van die Universiteit of belanghebbers se hulpbronne;

beteken **“omkopery”** die aanbied, gee, ontvang of aanvra van ʼn item, of handelinge van enige gratifikasie wat bedoel is om die optrede van ʼn beampte of enige ander persoon verantwoordelik vir die uitvoering van ʼn openbare of wetlike plig te beïnvloed;

dra **“botsing van belange”** die betekenis soos omskryf in die NWU se Beleid en Reëls oor Belangebotsing en oor Verklarings van Belange en van Geskenke;

dra **“korrupsie”** die betekenis soos omskryf in artikel 3 van ‘PRECCA’;

beteken **“bedrog”** die onregmatige en opsetlike maak van ŉ wanvoorstelling wat veroorsaak of kan veroorsaak dat ŉ ander tot hul eie nadeel optree of wat werklik of potensieel nadelig is vir die NWU;

dra **“gratifikasie”** die betekenis soos omskryf in artikel 3 van ‘PRECCA’ en die gemenereg;

beteken **“interne beheermaatreëls”** die maatreëls en metodes wat deur die NWU in plek gestel is om sy besigheid op ŉ ordelike wyse te bedryf, om sy bates en hulpbronne te beveilig, om foute te voorkom en op te spoor, om akkuraatheid te verseker, om betroubare en tydige inligting te produseer en om nakoming van sy beleide en prosedures te verseker;

beteken **“onbehoorlike aktiwiteite”** onreëlmatige en misleidende aktiwiteite wat verband hou met die misbruik van stelsels, finansies, toerusting en hulpbronne of enige ander aktiwiteite wat bestaande beleide of gevestigde etiese standaarde oortree, insluitend gedrag wat ŉ gevaar vir gesondheid en veiligheid en die omgewing inhou;

beteken **“universiteitslede”** ŉ nie-volledige lys wat insluit permanente, tydelike en vastetermynwerknemers, genote, studente, raads- en raadskomiteelede, konsultante, kontrakteurs, vrywilligers, interns, borge, agente van enige ander persoon verbonde aan die Universiteit en enige van sy verwante entiteite ten opsigte waarvan die Universiteit die verpligting het om hierdie beleid deur middel van sy verkrygingsprosesse onder die aandag van konsultante en kontrakteurs te bring;

sluit **“universiteits- en belanghebberhulpbronne”** kontant en ander bates in (hetsy tasbaar of ontasbaar, vaste of persoonlike eiendom), ontvangbare rekenings en ander regte of eise teen derde partye, intellektuele eiendomsregte en dienste van universiteitswerknemers en van ander belanghebbers wat ŉ diens lewer aan die Universiteit en wat toegelaat word om van die NWU se fasiliteite gebruik te maak;

verwys **“verklikking”** na gevalle waar enigiemand te goeder trou kommer uitspreek oor vermeende korrupte of onwettige aktiwiteite (insluitend omkopery, bedrog, diefstal, korrupsie, afpersing, vervalsing, uitlating, nepotisme, misbruik en wanadministrasie of enige ander daad wat ŉ misdryf uitmaak of ingesluit kan word onder die definisie van “onbehoorlike aktiwiteit” soos hierbo aangedui) wat nadelig kan wees vir die belange van die NWU of die publiek.

## 3 Beleidsverklaring

Dit is die beleid van die NWU om ŉ verantwoordelike korporatiewe maatskaplike burger te wees wat moreel en eties gebonde is aan die beginsel van openbare aanspreeklikheid in die voorkoming van bedrieglike, korrupte en onbehoorlike aktiwiteite of gedrag, en daarom:

3.1 is die Universiteit daartoe verbind om sy besigheid op ŉ eerlike, etiese en wetlike wyse en volgens die hoogste standaarde van openheid, eerlikheid en aanspreeklikheid te bedryf;

3.2 handhaaf die Universiteit ŉ kultuur van zero toleransie vir onbehoorlike aktiwiteite soos bedrog, omkopery, korrupsie en enige vorm van oneerlikheid;

3.3 bevorder die Universiteit ŉ kultuur van eerlikheid, integriteit en professionaliteit en weerhou die Universiteit homself van onaanvaarbare en misleidende optrede en gedrag;

3.4 bevorder en moedig die Universiteit die rapportering van onbehoorlike aktiwiteite aan om uiteindelik aktiwiteite uit te roei wat die Universiteit en sy belanghebbers kan benadeel of potensieel kan benadeel;

3.5 handhaaf die Universiteit alle wette wat betrekking het op die bekamping van omkopery, bedrog en korrupsie, veral ‘POCA’ en ‘PRECCA’;

3.6 verseker die Universiteit dat die universiteits- en belanghebberhulpbronne teen misbruik deur universiteitslede beskerm word;

3.7 streef die Universiteit daarna om toe te sien dat alle universiteitslede aanspreeklik gehou word vir voldoening aan die wetgewing en norme wat in paragraaf 1 gelys word;

3.8 implementeer die Universiteit riglyne, reëls en prosedures wat gemik is op die afskrikking, voorkoming, rapportering en reaksie op gevalle van bedrog en korrupsie;

3.9 streef die Universiteit daarna om die toepassing van stelsels, beleide, prosedures en regulasies binne die beheeromgewing van die Universiteit met betrekking tot die voorkoming van omkopery, bedrog en korrupsie te verbeter;

3.10 vereis die Universiteit die ondersoek van alle gevalle van omkopery, bedrog en korrupsie, en om sake wat wesenlik blyk te wees by die nasionale polisie- en vervolgingsowerhede aan te meld, en die implementering van toepaslike voorkomings- en opsporingsmaatreëls en relevante interne beheermaatreëls;

3.11 onderneem die Universiteit om werknemers, studente en lede van die publiek wat gevalle van bedrog en korrupsie op ŉ eerlike en verantwoordelike wyse aanmeld, teen onbehoorlike diskriminasie of vooroordeel te beskerm;

3.12 vereis die Universiteit dat gepaste stappe geneem moet word in die geval van bewese gevalle van omkopery, bedrog en korrupsie; en

3.13 wil die Universiteit sy verhouding met sleutelbelanghebbers versterk, soos die SAPD, die Kantoor van die Openbare Beskermer, en werknemersverteenwoordigende vakbonde en gemeenskappe wat die stryd teen omkopery, bedrog en korrupsie ondersteun.

## 4 Rolle, verantwoordelikhede, en aanspreeklikheid

### 4.1 Die Raad en die Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee van die Raad (ORNK)

4.1.1 Die NWU-Raad neem algehele verantwoordelikheid vir die beheer en monitering van die doeltreffendheid en effektiwiteit van maatreëls wat gemik is op die bekamping van omkopery, bedrog en korrupsie by die NWU.

4.1.2 In die bestuur van hierdie aangeleenthede delegeer die Raad gesag, stel limiete van aanvaarbare gedrag deur relevante gedragskodes, en die goedkeuring van beleide.

4.1.3 Die ORNK ontvang verslae van Interne Oudit oor die status en vordering van alle aangemelde gevalle (intern en ekstern aangemeld) van omkopery, bedrog, finansiële ondersoeke en korrupsie.

4.1.4 Die ORNK rapporteer op ŉ gereelde basis aan die Raad oor hierdie aangeleenthede.

### 4.2 Universiteitsbestuurskomitee (UBK)

4.2.1 Die UBK is verantwoordelik vir die bestuur van aktiwiteite om omkopery, bedrog en korrupsie by die NWU te bekamp en om gerusstelling aan die Raad te verskaf oor die doeltreffendheid en effektiwiteit van hierdie bestuursaksies;

4.2.2 Met betrekking tot bogenoemde moet die UBK –

4.2.2.1 ŉ kultuur van etiese, professionele, deursigtige en eerlike bestuur in besluitnemings- en besigheidsprosesse bevorder;

4.2.2.2 ŉ doeltreffende beheeromgewing verseker ten einde ŉ verdedigingslinie teen omkopery, bedrog en korrupsie daar te stel, met inbegrip van fisiese kontroles en sekuriteit van bates, skeiding van pligte, doeltreffende verkrygingsprosesse, riglyne vir goedkeuring van besigheidsaktiwiteite en -transaksies, behoorlike rekonsiliasieprosesse, billik voorgestelde finansiële state, toesighoudende en moniteringskontroles;

4.2.2.3 reëls maak en prosedures en standaarde daarstel om voldoening aan NWU-beleide en -besluite wat gemik is op die bekamping van omkopery, bedrog en korrupsie te verseker en om die beskerming van persone te verseker wat ŉ bekendmaking ingevolge hierdie beleid maak;

4.2.2.4 die opstel van Riglyne en Reëls oor Verklikking verseker wat belyn is met tersaaklike wetgewing en industriestandaarde;

4.2.2.5 bewustheid skep van die NWU se zero toleransie vir omkopery, bedrog en korrupsie en dit sigbaar te maak deur middel van die NWU se webwerf en ander beskikbare en relevante maatreëls;

4.2.2.6 toesien dat die ondersoeke wat ingevolge hierdie beleid uitgevoer word, op ŉ onafhanklike, regverdige en deursigtige wyse geskied, gebaseer op die meriete; en

4.2.2.7 voorkomingstrategieë implementeer wat daarop gemik is om gevalle van omkopery, bedrog en korrupsie te bekamp, insluitende bewusmakingsopleiding, bedrogrisiko-evaluering, pre-werknemersifting, behoorlike werwingsprosesse en ŉ behoorlike proses vir die openbaarmaking van belange en van geskenke.

### 4.3 Interne Oudit

Die rol en funksie van die Departement Interne Oudit met betrekking tot aangeleenthede wat verband hou met omkopery, bedrog en korrupsie-aangeleenthede is om –

4.3.1 sake te ondersoek wat onder die aandag van Interne Oudit gebring word ooreenkomstig ŉ interne verslagdoeningsprosedure ingevolge die WBB;

4.3.2 voortdurend interne beheermaatreëls te evalueer in ooreenstemming met sy goedgekeurde risiko-gebaseerde interne ouditplan en om bestuurders te adviseer deur aanbevelings te maak om hul beheeromgewing te verbeter en om die implementering en monitering van NWU-beleide te bevorder;

4.3.3 bedrywighede te ontleed en inligting met lynbestuurders te bevestig, ten einde verslag te doen oor bevindinge oor bedrog en korrupte aktiwiteite ingevolge ‘POCA’ en ‘PRECCA’;

4.3.4 voldoeningsoudits te onderneem ooreenkomstig hul goedgekeurde risiko-gebaseerde Interne Ouditplan om voldoening aan reëls, regulasies, wette, praktykkodes, riglyne, beleide en beginsels te evalueer soos dit gesamentlik en afsonderlik op alle dele van die NWU van toepassing is, in ŉ poging om moontlike bedrieglike en korrupte aktiwiteite aan die lig te bring; en

4.3.5 bewustheid te skep oor aangeleenthede wat verband hou met die bekamping van omkopery, bedrog en korrupsie.

### 4.4 Universiteitslede

4.4.1 Daar word van universiteitslede verwag om deel te neem aan die voorkoming, opsporing en aanmelding van omkopery, bedrog en korrupsie;

4.4.2 Alle universiteitslede moet enige aktiwiteit vermy wat kan lei tot ŉ oortreding van hierdie beleid en die toepaslike wetgewing;

4.4.3 In geval van ŉ oortreding van hierdie beleid deur kontrakteurs, agente of konsultante behou die Universiteit die reg voor om kontraktuele verhoudinge met hulle te beëindig;

4.4.4 Ten opsigte van alle aangemelde voorvalle van omkopery, bedrog, korrupsie of onbehoorlike aktiwiteite, moet bestuurders onmiddellik die doeltreffendheid en effektiwiteit van die interne beheermaatreëls wat oortree is, hersien en, waar moontlik, verbeter om te verhoed dat soortgelyke onreëlmatighede weer in die toekoms plaasvind; en

4.4.5 Indien ŉ universiteitslid onseker is of indien ŉ spesifieke daad omkopery, bedrog of korrupsie uitmaak, of as hulle enige verwante navrae het, kan dit met Interne Oudit opgeneem word.

## 5 Verslagdoening en bekendmakings

5.1 Dit is die verantwoordelikheid van universiteitslede of lede van die publiek om enige vermeende wangedrag aan te meld soos na verwys in hierdie beleid of die verwante wetgewing.

5.2 Rapportering en bekendmaking word gedoen in ooreenstemming met die UBK-riglyne en -reëls waarna verwys word in 4.2.2.4 sowel as die WBB Praktiese Riglyne vir Werknemers waarna verwys word in 1.3.

5.3 In ooreenstemming met ‘PRECCA’-voorskrifte moet Interne Oudit relevante oortredings aan die SAPD rapporteer.

## 6 Kwaadwillige en ongegronde bekendmakings

6.1 Persone wat valse en kwaadwillige bewerings maak wat veroorsaak dat geaffekteerde partye skade ly, kan ingevolge artikel 9 van die WBB vervolg word.

6.2 Indien ŉ bekendmaking te goeder trou gemaak word, maar die bewerings nie deur die daaropvolgende ondersoek bevestig kan word nie, word die openbaarmaker nie aan dissiplinêre of beroepsbenadeling onderwerp nie.

## 7 Die plig om ondersoek in te stel, klaers in te lig en klaers te beskerm

7.1 Die Raad en bestuur van die NWU het die plig om elke aangemelde geval aan te teken en om behoorlik gemaakte beskuldigings van omkopery, bedrog of korrupsie te ondersoek.

7.2 Na afloop van ŉ ondersoek moet terugvoer aan die klaer gegee word op ŉ geval-vir-geval-basis in ooreenstemming met die UBK-riglyne en -reëls oor Verklikking.

7.3 Die NWU moet die nodige stappe doen om te verseker dat werknemers wat bekendmakings maak teen beroepsbenadeling beskerm word ooreenkomstig artikels 4 en 5 van die WBB Praktiese Riglyne vir Werknemers.

7.4 Die NWU moet maatreëls in plek hê om verklikkers te beskerm in ooreenstemming met die UBK-riglyne en -reëls oor verklikking.